Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en
KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

ENBRITE
ELEKTRIESE MPY.
(Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B,
POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213

JAARGANG XXII WOENSDAG 12 APRIL 1967 No. 7

# P.U. HET BAIE GRADE TOEGEKEN

**'n GROOT aantal grade is op die gradeplegtigheid van Vrydag 7 en Saterdag 8 April deur die P.U. toegeken. Altesaam 670 grade, diplomas en sertifikate is uitgereik. Hiervan was 270 gevorderde en nagraadse grade en diplomas.**

**Op die gradeplegtigheid van Vrydag 7 April is voorgraadse grade, diplomas en sertifikate deur die vise-kanselier, prof. H. J. J. Bingle uitgereik. Die spreker by die geleentheid was die Administrateur van Transvaal, mnr. S. G. J. van Niekerk.**

Op Saterdag 8 April het die kanselier van die universiteit, min. J. de Klerk nagraadse en gevorderde diplomas en grade toegeken. Die minister van Justisie en Gevangenisse, mnr. P. C. Pelser het as spreker opgetree.

Twee ere-doktorsgrade is vanjaar deur die P.U. toegeken. Mnr. J. A. Hurter, hoofbestuurder van Volkskas, en mnr. G. S. J. Kuschke, besturende direkteur van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, het albei die graad D. Comm. honoris causa behaal.

Twaalf persone het doktorsgrade ontvang. Onder hulle was. mnr. J. Heidema, voorheen lektor in Wiskunde aan die P.U. en tans verbonde aan die Universiteit van Port Elizabeth.

Die graad B.Comm. is posthuum toegeken aan mej. L. Nel, wat in Januarie vanjaar in 'n motorongeluk oorlede is.

Twee blinde studente het diplomas ontvang. Hulle is mej. M. E. Coetzee, wat die lisensiaat in musiekonderwys ontvang het en mnr. I. D. du Plessis wat die laer onderwysdiploma in musiekonderwys verwerf het.

### ONDERSKEIDING

Verskeie grade is met onderskeiding toegeken. Voorgraadse studente wat besonder goed presteer het, is mejj. M. M. S. Basson (B.Mus.) en P. F. Coetzee (B.Comm.) wat elk vier onderskeidings behaal het en mej. M. C. Steyn (B.Sc.) en mnr. P. V. Duvenage (B.Comm.) wat albei drie onderskeidings verwerf het.

## P.U. is enigste vir die vakke

Aan die P.U. word ses graadkursusse aangebied wat nie deur enige ander Afrikaanse universiteite aangebied word nie. Die kursusse is: Perswetenskap, Verpleegkunde, Farmasie, Industriële Chemie, Spraakleer en Drama, Beplanning.

Die gegewens blyk uit 'n nuusbrief van die Departement van Ontwikkeling.

## U.O.V.S. vereer premier

Aan drie persone is eredoktorsgrade tydens die onlangse gradeplegtigheid van die O.V.S. oorhandig. Onder hulle was sy edele die Eerste Minister, adv. B. J. Vorster (LL.D. Honoris Causa). Eregrade D. Sc. en LL.D. is onderskeidelik aan mnre. S. M. Naude van die W.N.N.R. en L. C. Steyn, hoofregter van Suid-Afrika toegeken.

By die geleentheid is ook 9 doktorsgrade en 373 ander grade toegeken waarvan 130 van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte was.

## Nie meer isolasie maar diens, sê Cillie

**„Die tydperk van isolasie en vestingbou is nou agter die rug, maar ons taak, met versigtigheid en waaksaamheid, is om diensbaar te wees, geroepe tot algemene diens en opheffing in Afrika; anders is ons op 'n doodlooppad."**

So het mnr. P. J. Cillie, hoofredakteur van Die Burger gesê tydens die interfakultêre lesings wat onlangs aan die P.U. plaasgevind het. Mnr. Cillie het 'n lesing gelewer oor ontwikkeling en perspektief in Suid-Afrika se internasionale verhoudinge.

### BRITTANJE

Mnr. Cillie het gesê dat daar byna verbysterende veranderinge in Suid-Afrika se posisie in die wêreld plaasgevind het. Die mag van Brittanje wat Suid-Afrika steeds omring het, het verbrokkel. In Afrika het 'n nuwe orde ontstaan. Suid-Afrika se blank geleide orde het die skyf van die swart vryheidsbeweging geword.

### BAASSKAP

In die Afrikaanse Nasionale denke het dit 'n nuwe lyn, nader aan die suiwere lyn van die volksgeskiedenis gebring. Suid-Afrika is weggeruk uit sy onmoontlike posisie van baasskap, terug na voogdyskap. Dr. Verwoerd se grootste deug was dat hy ons verlos het van die verpligting om die onverdedigbare te verdedig.

**„Afrika het ons nodig en die wêreld het ons nodig in Afrika," het mnr. Cillie gesê.**

## MATIE WORD O/PRESIDENT

**Mnr. Viccie le Roux studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Stellenbosch is tot onderpresident van die A.S.B. verkies op 'n onlangse vergadering van die A.S.B.-hoofbestuur op Potchefstroom. Hy is gekies in die plek van mnr. L. J. van der Walt van die P.U. wat bedank het. Die president van die A.S.B. is mnr. Boy Geldenhuys van Stellenbosch.**

**Volgens 'n bekende Afrikaanse Sondagkoerant is mnr. Sam de Beer, 'n hoofbestuurlid van die A.S.B., by die verkiesing van die nuwe onderpresident oor die hoof gesien. As rede hiervoor noem die blad sy steun aan die redakteur van die S.A. Observer, mnr. S.E.D. Brown in 'n mosie wat hy op die vorige A.S.B.-kongres ingedien het.**



Die kanselier van die P.U., sy edele min. J. de Klerk, tydens sy toespraak op die gradeplegtigheid Saterdag. Op die verhoog verskyn ook die ere-graduandi en ander eregaste.

## Owerheid weier Kleurling-S.R.

Die owerhede van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland (vir Kleurlinge) in Bellville het pogings van die studente om 'n studenteraad tot stand te bring ongeldig verklaar omdat die verkiesings wat gehou is, nie „demokraties genoeg" was nie.

Volgens een van die studente is eerstejaars nie toegelaat om te stem nie, aangesien hulle die kandidate nie goed genoeg sou ken nie. Die stap is waarskynlik as ondemokraties beskou.

—SANSPA

## KURSUSGANGERS MAAK AMOK OP P.U.

**„Die wyse waarop leerlinge van verskeie Wes-Transvaalse hoërskole hulle gedra het tydens die onlangse afrigtingskursus vir rugbyspelers aan die P.U. strek die skole nie tot eer nie," het 'n ooggetuie by die amok wat verlede week op die Bult plaasgevind het, gesê.**

Leerlinge wat deelgeneem het aan die rugbykursus wat deur die P.U. se Sportinstituut gereël is, het hulle aan die uiterste vorm van wangedrag skuldig gemaak het 'n inwoner aan ons verslaggewer gesê.

### AMOK

Verskeie kursusgangers het die plaaslike groentehandelaar se winkel gedurende die aand besoek en na willekeur vrugte en koeldranke geneem sonder om daarvoor te betaal. Toe die eienaar hom teensit en eis dat hulle daarvoor betaal het die leerlinge amok gemaak en bottels gebreek en vrugte oor en weer in die winkel geslinger. Kaste met appels is oopgebreek en rondgestrooi. Aartappels is tot in die straat gegooi het 'n ooggetuie gesê.

### VULGêR

**„Die vulgêre liedjies wat die leerlinge saans gesing het, het van die seniorstudente geskok," het 'n huiskomiteelid. gesê. Toe daar gepoog is om die skoliere stil te maak, het hulle verduidelik dat hierdie liedjies dikwels tydens rugbytoere op die bus gesing word.**

Mnr. J. Matthew, na-graadse student aan die P.U. en inwoner van 'n woonstel op die Bult, het leerlinge betrap wat die wieldoppe van sy motor probeer steel het. Hy het een jong seun gevang terwyl die ander die hasepad gekies het.

A.J.R.

## REBABILITEER MISDADIGERS Sê PELSER BY GRADEDAG

**Die breë publiek het die negatiewe houding dat net die Departement van Gevangenisse gevangenes moet rehabiliteer. In werklikheid het die publiek 'n verantwoordelikheid teenoor misdadigers en potensiële misdadigers. So het mnr. P. C. Pelser, minister van Jutiie en Gevangenisse, Saterdag hier gesê.**

Mnr. Pelser, wat die woord gevoer het tydens die tweede gedeelte van die P.U. se gradeplegtigheid, het die hoop uitgespreek dat jong mense 'n volle aandeel sal neem in die voorkoming van misdaad.

### DESKUNDIGES

Mnr. Pelser het gesê dat toestande in Suid-Afrikaanse tronke net so goed is as die oorsee indien nie beter nie. Die regering het niks om weg te steek nie. Die sg. „deskundiges" van die V.V.O. se Kommissie vir Menseregte heg egter meer waarde aan die verklarings van mense soos Denis Brutus en hy kondig dus namens die regering aan dat hierdie „deskundiges" nie in die land toegelaat sal word nie.

Agente vir:
INNOXA COTY
VITAMOL
Besoek ons uitgebreide
GESKENKEAFDELING
DIE BULT-APTEEK
Tomstraat 88b & c — Tel. 5943
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Ondersteun 'n Oud-Pukkie



VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.**

Kerkstraat 118
Potchefstroom
TELEFOON: 3237

**J HEIDEMA**
vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**
—
**Opberging**
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese dienste.*
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

Ruikers vir alle geleenthede
**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

**GROSVENOR MOTORS**
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA —
CORSAIR — ZEPHYR —
ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

die WAPAD

WOENSDAG 12 APRIL 1967

# NIE AANGENAAM

Die uitlating van 'n bekende Afrikaanse sondagkoerant dat die Brown-episode 'n invloed op die verkiesing van 'n nuwe onderpresident van die A.S.B. gehad het, kan nie sommer onopgemerk verbygaan nie.

In die berig word verwys na 'n mosie van dank wat die vorige A.S.B.-kongres aangeneem het vir die werk wat deur S. E. D. Brown as redakteur van die S. A. Observer gedoen is. Die mosie het die (gerieflike) aanleiding geword vir 'n kampanje in die Afrikaanse koerantwêreld teen die S. A. Observer.

Hiermee wil natuurlik nie gesê word dat daar by die koerante nie 'n opregte besorgdheid was oor die standpunte van die A.S.B. nie.

Die onlangse berig is die besorgdheid egter in sy minder aangename kant duidelik na vore gebring. In die berig is 'n hoofbestuurslid van die A.S.B. met Brown geassosieer en aan die assosiasie is gekoppel die feit dat hy nie tot onderpresident van die A.S.B. verkies is nie.

Aangesien die mosie oor Brown op die A.S.B. eenparig aangeneem is, is dit moeilik om dit net aan sekere persone te wil koppel. Deur dit te doen word standpunte en persone onlosmaaklik verbind en word persone teen mekaar afgespeel by standpuntverskille. So gebruik die koerant dieselfde taktiek waarvan Brown beskuldig word, die van skuld deur assosiasie.

Die P.U.-student kan vanuit sy beginsels nie anders nie as om die taktiek af te keur nie, ongeag daarvan deur wie of teen wie dit toegepas word. Die metode, wat, deur die rol wat die pers vandag speel, verreikende gevolg kan hê, veroorsaak belemmering van gesonde meningsverskille. Dit lei tot vrees om 'n standpunt in te neem in stryd met die van die meerderheid en om kritiek te lewer op standpunte.

Afrikaanse koerante het die A.S.B.-kongres juis gekritiseer weens die gebrek aan gesonde debattering en kritiese gees.

Die episode toon dan ook duidelik waar 'n mens kan beland as jy na die pype van sommige koerante wil dans. Dit is 'n les wat die A.S.B. ter harte kan neem.

# GRADEPLEGTIGHEID

Dit moes elke aanwesige by die onlange gradeplegtigheid wel opval watter groot rol akademiese seremonies daarby speel.

Vir baie van ons het die seremonieel vreemd en soms selfs 'n bietjie belaglik gelyk. Dit is een van die kenmerke van die Afrikaner dat hy nie baie hou van allerlei seremonieel en eretekens nie.

Daarby lyk dit asof ons hier te doen het met iets wat nie heeltemal pas in die huidige tyd nie. Is dit nie 'n verkleefdheid aan ou tradisies wat gegeld het toe die universiteit daar heel ander uitgesien het nie? Is dit nie dalk die liturgiese simboliek van die heiligdom, waarteen die administrateur, mnr. Van Niekerk juis op die gradeplegtigheid gewaarsku het nie?

Voordat 'n mens op die vrae antwoord en 'n verdoemende konklusie maak moet daar egter ook dringend gewaarsku word teen 'n al te pragmatiese uitkyk. Dit is een van die kenmerke van die huidige tyd dat dit alles wil ontsluier om alleen die naakte noodsaaklikheid te behou.

Is die akademiese seremonieel nie ook 'n teken van die nodige eerbied vir akademiese prestasies nie en is dit nie 'n paslike eerbewys aan akademiese leiers nie? Miskien is dit juis 'n treffende simbool van die nodige afstand wat die akademikus van die daaglikse lewe moet neem om tot teoretiese insig te kan kom.

'n Mens moet tot die gevolgtrekking kom dat akademiese simboliek tog wel sy waarde het en selfs noodsaaklik is, mits dit natuurlik paslike en nie oordrewe simboliek is nie.

Daar is egter nog 'n vereiste vir paslike simboliek. Dit moet ware simboliek wees. Indien die akademiese seremonieel net gebruik word om die eenvoudige man te beïndruk met gewaande meerderwaardigheid van die intellektueel, geld die goeie ou spreekwoord „Hoe kaler jonker, hoe groter pronker."

## *Studente skryf en praat . . .*

**"Once the policy of government appeasement has been initiated there can be no stopping it. The university will rapidly be converted into a White Bush college, a brainwashing propaganda-organ, unworthy to be called a university." — Hoofartikel, Varsity.**

**„Die student is 'n uitgesoekte mens." — Hoofartikel, Trompie.**

**„To put it bluntly, the S.R.C. finances are in a mess." — Hoofartikel, Rhodeo.**

**„Dit is jammer dat daar mense is wat onmiddelik rooi sien wanneer die woord „student" gebruik word." — Hoofartikel, Die Perdeby.**

**"It is a truism that at this university the administration usually behaves as if it has something to hide. It expects the Press to act as a public relations office and release only the good. Bad news must be squashed." — Hoofartikel, Varsity.**

# In U Lig

**Joh. 20: 17 Jesus sê vir haar: Raak my nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader en my God en julle God.**

Nadat Maria Jesus gevind het, wil sy Hom op die aarde hou. Die verhouding wat tussen Hom en sy dissipels bestaan het, voor sy dood moet nou, volgens Maria, weer voortgesit word .

Dan verkondig Jesus aan haar, en ook aan ons, die opstandingsglorie.

Sy opstanding het nie 'n verandering in sy verhouding tot die Vader gebring nie — Hy is en bly die Seun van God vir ewig. Met sy opstanding het daar egter 'n verandering in die verhouding tussen Hom en die gelowiges gekom. Vroeër het Hy die Vaderskap van God aan die dissipels gepreek. Nou trek Hy die konsekwensies daarvan deur. Daar is nou 'n intiemer benaming: Nou is dit nie meer **vriende** nie, maar **broeders** — en dit nieteenstaande die feit dat hulle Hom 'n paar dae tevore verlaat het nie. Dit kon Hy doen omdat sy werk volbring is.

Verder herinner Hy sy dissipels daaraan dat sy Vader ook hulle Vader is. God is die Vader van Jesus en deur Christus is God ook die Vader van die gelowiges. Jesus is deur geboorte Seun van God en die gelowiges deur adopsie en genade.

Dat God dan die Vader van die gelowiges is, bring Hom nie na die aarde nie. Hy is en bly God. Juis daarom is sy Vaderskap van soveel waarde. Dieselfde God wat Jesus se Vader is, is ook die Vader van die gelowiges. Watter groot genade is dit nie.

Die feit van Jesus se opstanding staan histories onomstootlik vas. Ons moet egter nie net die feit erken nie, maar die geloof in sy opstanding moet ook die allesoorheersende faktor in ons lewe wees. Daar mag niks in ons lewe wees wat ons lewe so bepaal as die opstanding van Jesus Christus nie.

# = Deur My Lens =

Ek meen dat die Pukmassa by uitnemendheid die studentemassa is wat al 'n mate van volwassenheid bereik het. In die afgelope tyd het dit geblyk dat die deursnee Pukstudent selfkritiek nugter kan aanvaar en beoordeel, 'n bietjie ironie kan neem vir wat dit werd is en dat die tipiese puberliggeraaktheid geleidelik besig is om weg te syfer in die niet.

**ONTSPANNINGSKOMITEE**

Daarom word dit hier nooit nodig om digterlik te raak en sekere groepies by name te noem nie. (Ek bedoel nou nie wat ons plaaslike letterkunde betref nie).

Ons laat alle probleme op die gemoedelike skouers van die altyd gewillige Ontspanningskomitee en hulle reël vir ons konsertjies en ander passende gesofistikeerde vermaaklikhede. Elke Saterdagaand. Dit is altyd so 'n goeie geraffineerde geestelike uitlaatklep — ons plaaslike „happenings" — Amper het ek nou ons „private happenings" geskryf.

Die belangstelling kwyn in ieder geval nooit. Met lede oë sit ons en kyk na die A.S.B.-Hoofbestuur se bedrywighede. Elkeen kan maar net wonder: Gaan die S.E.D. Brown-mosie nou herroep word? Gaan die president van die A.S.B. en sy bestuurslede nou van hierdie organisasie 'n simpel klein speelballetjie maak wat vir die gewin rondgeskop word tussen sekere politieke pressiegroepe?

Intussen styg die boekpryse op die Bult teen 'n ontsaglike tempo Sekere boeke het binne die tydbestek van 'n enkele jaar met meer as een rand duurder geword. Van die woordeboeke het selfs met drie rand per eksemplaar waardevoller geword. Maar ons moet swyg — die winste is vir die koning.

**WINSTE**

**Terwyl dit hier om die materiële sake gaan, wonder mens waarom die groot jaarlikse winste van die Pukkieverkope nie gebruik kan word vir ons nuwe gebouekompleks waar 'n luukse kafeteria, saal, konsertsaal, ens. opgerig gaan word nie. En ons moenie vergeet om voorsiening te maak vir 'n eie Universiteits boekhandel nie. Ek bied by voorbaat aan om gratis reklame in hierdie rubriek te doen: Boeke teen billike pryse, winste vir billike doel, diens teen billike tempo.**

REFLECTOR

N.S. Het u geweet dat bestuurders van begrafnisondernemings ook eregaste was op die gradeplegtigheid was?

# Ons Flitsgedagte

Die kritikaster — wat se soort aster is dit? Verkeerd geraai — dis geen aster nie; soms is dit wel 'n aster, maar dit daargelaat, voor ek by die meisiekinders in die moeilikheid is.

Die kritikaster is die vitterige, negatiewe, foutvinderige mens — in ons geval jongmens, wat niemand spaar nie.

Verstaan my goed: 'n kritiese instelling is noodsaaklik. Daarsonder kom 'n mens nie tot volwassenheid nie. Mens moet ook 'n standpunt hê en dit verdedig of daarmee aanval anders is jy nie aan jouself getrou nie en sit almal naderhand op jou kop.

Daar is egter perke.

As jy kritikaster word, is dit die rooilig wat waarsku dat jy gevang word deur 'n minderwaardigheidsgevoel wat jy masker met 'n opgeblasenheid en beterweterigheid. Die rooilig dat jy die gebod van liefde oortree en jou besondig met die oortreding van ligvaardige oordele en onbarmhartige verwonding van jou naaste.

Miskien kan ons help met die goue reëls:


- Die eerste is die wet van die balk in die eie oog en die splinter in die oog van 'n ander.
- Die tweede is die wet van die beheersing van die tong in die besef dat die tong 'n vuur is wat die hele lewensloop aan die brand steek.
- Die derde is die wet van vergewing. As jy nie kan vergewe nie, vergiftig jy jouself en jou hele omgewing.

En as jy moet kritiseer, laat jou dan lei deur die volgende:

- Verantwoordelikheid in die formulering van jou elkewoord.
- Aanvoeling en begrip vir die situasie van die ander.
- Respek vir die persoon voor jou.
- Liefdevolle benadering. .

Wm.

## FRUSTRASIE ?




# A. S. B. wil diens aan Bantoe-tuislande lewer

DIE A.S.B.-hoofbestuur het in beginsel goed gekeur om 'n korps te stig om hulpdiens aan die Bantoetuislande te verrig. Dit is beslui t op 'n vergadering van die A.S.B.-hoofbestuur wat onlangs op Potchefstroom gehou is.

**Die president van die A.S.B., mnr. Boy Geldenhuys, en die direkteure van binnelandse betrekkinge van die verskillende A.S.B.-takke sal die plan verder uitwerk. Op die volgende A.S.B.-kongres, wat in Julie in Bloemfontein sal plaasvind, sal die voorstelle aan die kongres voorgelê word.**

Mnr. Geldenhuys het oor die beoogde korps gesê: „Die tyd het aangebreek om wat ons opgebou en daargestel het aan ander uit te dra en voor te hou. Ons wil die Afrikaner-waardes aan die Engels-sprekende en nieblanke voorhou sodat hulle dit volgens hulle eie patroon kan uitleef".

**SAMESPREKINGS**

Daar word ook deur die hoofbestuur beoog om samesprekings met die minister van Bantoesake, mnr. M. C. Botha, oor die saak te voer.

'n Lid van die hoofbestuur het gesê dat die beoogde korps niks te make het met die vredeskorps wat onlangs aan Engelse universiteit in Suid-Afrika en op lees van die Amerikaanse vredeskorps gestig is nie. Daar word voortgebou op 'n gedagte wat al geruime tyd by die A.S.B. bestaan het.

## UNIVERSITEITE GROEI VINNIG

**Unisa (Universiteit van Suid-Afrika) het tans die grootste studenteaantal in die Republiek, met 17,400 ingeskrewe studente. In die afgelope tien jaar was die groeikoers van die universiteit sowat dertig persent per jaar.**

U.P. het vanjaar nagenoeg 11,300 studente, wat 'n groeikoers van sowat vier persent p.j. beteken. Wits met sy 8,200 het 'n toename van amper vyf persent per jaar, terwyl die P.U. kan spog met 'n toename van tien persent per jaar, wat sy studentetal vanjaar op meer as 3,000 te staan laat kom. Veral in die biologiese wetenskappe en fisika het P.U. 'n belangrike toename ondervind.

**P.U. kan verder spog met die grootste persentasie nagraadse studente van alle universiteite in Transvaal, nl. dertig persent van die totale studental. Pretoria, vervolgens, het 'n nagraadse studentetal van sowat vyf-en-twintig persent, terwyl slegs sowat 'n tiende van Unisa se studente nagraads is.**

Daar word verwag dat daar teen 1975 5,000 studente aan die P.U. sal wees en in 1977 meer as 6,000. Hierdie getalle oortref die berekenings van die Nasionale Buro vir Opvoedkunde en Maatskaplike Navorsing wat meen dat studentetalle oor 'n tydperk van 15 jaar verdubbel sal wees.

## IKEYS MORS LEKKER

**'n Span van twintig werkers moes 'n dag lank onverpoosd voortwerk om die gemors op te ruim wat deur die Ikeys se sg. „happening" in die ou drilsaal veroorsaak is.**

**Tydens die „happening", wat deur 700 studente bygewoon is, is op maat van die oordonderende kakofonie wat deur drie orkeste verskaf is, verf en saagsels deur die studente na mekaar geslinger. Verfpotte is omgekeer op besoekers wat in aandpakke na die byeenkoms opgedaag het. Die studente het ook op die vloer vuurgemaak om „beeldhouwerk" aanmekaar te sweis. Tafels en stoele is verwoes.**

**JOOLBLAD**

**Die studente van die Universiteit van Stellenbosch het onlangs geprotesteer teen die Ikeys se joolblad weens bespotting van die Bybel en die godsdiens.**



**PROF. F. J. J. COETZEE**
**(Foto: Fotokuns)**

## Is aangestel op advieskomitee

Professor F. J. J. Coetzee, hoogleraar in Ekonomie en direkteur van die Nasionale instituut vir koöperasiewese van die P.U. is deur die minister van Landbou-ekonomie en -bemarking sy edele minister D. C. H. Uys, aangestel as lid van die Koöperatiewe Advieskomitee wat die Minister van advies bedien in verband met Koöperasies.

## *Ons Lesers Skryf*

# REFLECTOR IS BETIG

**Geagte redakteur — Vergun my 'n paar opmerkings na aanleiding van die jongsgehoue massavergadering en die laaste uitgawe van u blad.**

**In die eerste plek bestaan daar blykbaar die misverstand dat ek my die term „onchristelik" laat welgeval het aangesien ek nie daarop reageer het nie. Vir diegene wat my egter ken en ook vir die wat hulle gesonde verstand gebruik en geluister het na wat gesê is, behoort daardie uitlating, net soos vir my, nie 'n antwoord werd te wees nie.**

**OUDERLING**

Ek wil sê dat die uitlating van Reflector in die laaste uitgawe van Die Wapad in dieselfde kategorie val. Ek het nie kon dink dat iemand soos Reflector, wat blykbaar vir homself die reg van gesonde kritiek toeëien (vgl. vorige Wapad), nou skielik eerlike en opregbedoelde kritiek sal bestempel as die „spar" van 'n „ouderling" in „die Studenteraad se speke" nie. Is hy dan die enigste persoon wat reg tot kritiek het?

**GEKLETS**

Verder: as die owerhede die „deure oopgooi" moet ons nie in blindelingse navolging of miskien na-aping dieselfde doen nie; daarvoor is die terreine waarop die owerheid en die Studenteraad beweeg te grootliks verskillend. Reflector is immers 'n vurige voorstander van die reorganisasie van ons studentelewe en veral met die huidige beleid van ons owerhede lê ons taak m.i. in die eerste plek in die vaslegging en verstewiging van ons eie studentepatroon en nie in die ydele geklets met andersdenkendes nie.

**BLOEDNEUS**

Na aanleiding van die hoofartikel in dieselfde uitgawe: 'n mens dra nie net jou beginsels uit deur dit mondeling aan ander oor te dra nie. Die hele inrigting van ons studentelewe, ons georganiseerde optrede op interuniversitêre byeenkomste kortom, elke student se daaglikse optrede. waar en wanneer ook al, moet getuig van ons beginsels. Is dit nie veel meer 'n positiewe christelike optrede nie? Om mondeling te getuig is wel 'n metode van optrede, maar hoekom domastrant net die metode gebruik as jy elke keer bloedneus by die kryt uitklim?

**Laat ons reformatories te werk gaan, maar dan verantwoordreformatories en nie 'n blindelingse indons nie; oppas, die spreekwoord sê: „Fools rush in where angels fear to tread".**

ROELF DU PLESSIS

(Nog 'n brief verskyn op bl. 5)

# Van die Studenteraadstafel

**ABE BAILEY-BEURS**

Die Studenteraad het op 'n onlangs-gehoue vergadering die volgende persone aanbeveel met die oog op die toekenning van die Abe Bailey-reisbeurs vir 1967/68: As primus mnr. A. le R. du Plooy en as sekundus mnr. J. H. P. Schutte. Beide hierdie persone het reeds bewys gelewer van hulle bekwaamheid op sport-, akademiese- en organisatoriese gebied. Hierdie aanbevelings van die Studenteraad moet nog deur die Raad van die Universiteit bekragtig word.

**BOKSKLUB AFGEKEUR**

'n Versoek van die S.S.B. aan die Studenteraad met die oog op die stigting van 'n boksklub is deur die Studenteraad afgekeur. Hierdie besluit is hoofsaaklik op grond van beginselbesware afgekeur.

**KLEUREKONTRAK**

Nadat die firma Pan Coetzee deur Uniewinkels oorgeneem is, het eersgenoemde firma se kontrak vir die verspreiding van P.U.-Kleure verval. Hierdie hele aangeleentheid is op 'n Studenteraadsvergadering in hersiening geneem en die Studenteraad het in beginsel besluit om in die toekoms nie slegs aan een firma toestemming vir die verspreiding van kleure te verleen nie. Indien 'n firma voldoen aan die vereistes en voorwaardes deur die Studenteraad gestel, sal 'n kontrak met sodanige firma aangegaan word. Tot dusver is nog geen kontrak met enige firma gesluit nie.

**FINANSIES**

Op 'n spesiale Studenteraadsvergadering is besluit om die bustariewe te verander na 45 sent per myl vir alle liggame. Hierdie besluit is geneem om tred te hou met tariewe van ander busdienste.

**SKAKELTOER**

Die Studenteraad het die volgende voorstel goedgekeur: „Dat die skakeltoer soos in beginsel goedgekeur, deurgaan." Hierna is die toerprogram gewysig om dit prakties meer uitvoerbaar te maak. Die volgende konseptoerprogram is goedgekeur.:

Woensdag, 3 Mei — U.O.V.S.
Donderdag, 4 Mei Stellenbosch.
Vrydag, 5 Mei Stellenbosch.
Saterdag, 6 Mei Kaapstad.
Maandag 8 Mei Port Elizabeth.
Dinsdag 9 Mei Rhodes.
Woensdag 10 Mei Terug in Potchefstroom.

Die gekose komitee het opdrag gekry om 'n memorandum oor agenda-punte uit te bring. Moontlike onderwerpe wat aandag sal geniet is: sport, ontspanning, kultuur, skakeling, finansies.




Nuwe rigtings.
Nuwe vlugte—stralersnel.
Waar u ook al gaan,
vind u Peter Stuyvesant—
jongste van die wêreldmerke.
Ryk, keurige tabak.
Wonderfilter.
Koningsformaat—
soveel meer
om te geniet!




Vervaardig in Suid-Afrika. Ook in Londen, Sydney, Amsterdam, Kuala Lumpur, Dublin, Toronto, Salisbury, Zürich, Singapoer, Wenen, Auckland, Lusaka en Berlyn

# VOLKSPELE-LEIERSKURSUS IS OP P.U. AANGEBIED

**'n BAIE geslaagde Volksang- en Volkspelekursus is vanaf 27 Maart tot 1 April op die P.U. aangebied. Dit is aangebied vir leiers van studentevolkspelelaers. Spelers van Ukovs, Tuks, Heidelberg en die P.U. was teenwoordig.**

**Verskeie professore en predikante het die kursus toegelig met insiggewende lesings. Proff. S. P. van der Walt, J. J. A. van der Walt en W. J. de Klerk het 'n paar van die referate gelewer.**

Die program is goed afgewissel met uitstappies wat ingesluit het 'n bustoer na besienswaardighede in en om Potchefstroom, 'n piekniek by Boskopdam en eteo by die Dam en Oude Molen. 'n Dinee is in Heimat gehou.

**EERSTE**

In 'n onderhoud het mnr. Nico van der Merwe, voorsitter van die A.B.K.K. en die Nasionale Raad vir Volkspele en Volksang, gesê dat dit die heel eerste kursus in sy soort was wat vir studente gehou is.

**AANGENAAM**

„Dit was baie geslaagd in die opsig dat positiewe leiding gegee is deur die referate wat gelewer is en die afrigting van Volkspele en -sang. Ek is seker elkeen van die kursusgangers het beslis hierby gebaat. Die hele kursus het aangenaam en vlot verloop. Die Reëlingskomitee verdien 'n spesiale woord van dank", het mnr. Van der Merwe gesê.

## Gordon Vorster stal uit

Die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging bied vanaf 18 tot 22 April, in samewerking met Gallery 101 — Johannesburg — 'n interessante kunsuitstalling van Suid-Afrikaanse skilders en 'n beeldhouer in die kunslokaal van die Frans du Toit-gebou aan.

Werke van prof. Walter Battis, prof. Maurice van Esche, Dirk Meerkotter, Gordon Vorster en van die beeldhouer Sydney Kumals sal uitgestal word.

Mnr. Nico Roos van die departement Kunsgeskiedenis sal die opening op 18 April om 5.30 nm. waarneem.


*Met komplimente van*
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTES




U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning
PRO REGE-PERS BPK.
*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*
Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944
H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM



*VIR MODERNE VERLOOFRINGE:*
TRANSVALIA JUWELIERS
STADSENTRUM,
POTCHEFSTROOM.



*INSLEEP!*
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

**'n Volkspele saamtrek het groot aftrek gekry toe dit in die loop van die vakansie hier op die Puk aangebied is. Hier is 'n klompie van die neefs en niggies in aksie in die Totiussaal, betrap.**

**(Foto: Fotokuns)**

# A.B.K.K. WIL OP BREë TERREIN AKSIES LOODS

**Om sy werksaamhede na buite volkome te aktiveer wil die A.B.K.K. gesamentlike aksies op breëre Kunskulturele terrein loods. Daar word beoog om 'n kunsfees te hou waarby die hele P.U.-massa en die publiek betrek sal word.**

**Die Kunsfees sal verskeie aspekte van kunsbeoefening aansny en sal op interkoshuisbasis aangepak word.**

'n Seisoenreeks van konserte word beoog, wat o.a. sal inhou: 'n studente-kunskaleidoskoop; kunsfeeskonserte en 'n A.B.K.K. lentekonsert. Daar sal ook uitnodigings aan studente van ander inrigtings gerig word, sodat 'n interstudente-kunskonsert gereël kan word. In Mei sal 'n kultuurleiers-kursus aangebied word, waarheen studente-kultuurleiers van ander universiteite en kolleges uitgenooi sal word.

**F.A.K.**

Die bestuur beplan noue skakeling met instansies soos die A.T.K.V. en die F.A.K. asook met die Departement van Onderwys Kuns en Wetenskap, buite skoolverband, ten einde gespesialiseerde raad en wenke te verkry. Die komitee sal poog om noue bande van samewerking en kontak met die plaaslike A.S.B. bestuur te behou.

**HOOGSTAANDE**

Pogings sal aangewend word om 'n kuns-kulturele projek te verwerklik deur die koördinering van kuns-kulturele instansies van die Universiteit om sodoende iets van hoogstaande gehalte aan te bied.

# VOORSITTER HET REFERAAT GELEWER

**Die voorsitter van die Nasionale Studenteraad vir Volkspele en Volksang, mnr. Nico van der Merwe, het tydens die Volksang- en Volkspelekursus wat vanaf 27 Maart tot 1 April aan die P.U. gehou is, 'n referaat gelewer oor die raad as koördinerende liggaam ter bevordering en stabilisering van Studentevolkspele.**

Mnr. Van der Merwe het gewys op die taak van die Afrikaanse Volksang- en Volkspelebeweging. Hy het klem gelê op die oorsprong, ontwikkeling en die invloed van deelname aan die aktiwiteite van die beweging.

Die integrale rol wat die Volksang- en Volkspelebeweging in die uitbouing van die Afrikaanse Volkskultuur speel is kortliks deur mnr. Van der Merwe geskets. Dit is die plig van elke Volkspeler, maar ook van die Beweging as geheel om hom te beywer vir die bewaring en uitbouing van Afrikaanse Volksang en Volkspele, soos wat dit voortgespruit het uit die Afrikaner tradisie, sedes en algemene kultuurstrewe van die Afrikanervolk.

**KRISIS**

Daar bestaan binne die werksaamhede van die Beweging 'n krisis, wat mnr. Van der Merwe sien as 'n keerpunt. Dit is juis uit hierdie krisis wat die N.S.R. sy onstaan vind: aan die Afrikaanse student moet die geleentheid gebied word om die Beweging tot volle ontplooiing te laat kom. Deur koördinasie van die kragte van alle volkspelelaers en volkspelers word hierdie taak volvoer en studentevolkspele gestabiliseer.

# KUNSGESELSIE

Ware kerkmusiek is ewig — tydloos. Dit getuig van waarheid en eenvoud. 'n Kuns gebore uit die kerk. Uit God tot God.

As ek hierbo praat van kerkmusiek dan bedoel ek die sang van die gemeente, terwyl die orrel sekondêr is, maar tog nie buite rekening gelaat kan word nie, omdat die magtige orrelklank die sang ondersteun, lei en dra. Dit vervul m.i. 'n noodwendige funksie vir die stemming wat in 'n kerk moet heers.

**VERWONDERD**

Die 150 Psalms is seker van die skoonste en suiwerste kuns wat bestaan; in vorm en melodie 'n seën. Telkens staan mens verras en verwonderd voor die herskeppingswerk van Totius — die klein „mannetjie" wat groot is omdat hy klein was voor God. Feitlik al die Psalms getuig van 'n grootheid en suiwerheid, van 'n godgewyde opdrag.

**WAARDIG**

**Die sang in die kerk is 'n aktiewe geloofsbetuiging van die gemeente. En die sang moet God waardig wees. In so 'n heilige handeling is alleen dit waardig wat van God kom: die 150 Paslms. Hy word dan geloof met suiwer woorde; met sy eie woorde.**

**DIENARES**

In elke kerk behoort die woorde die belangrikste te wees — en die wysie slegs dienares. Maar die wysie is ook belangrik omdat die wysies mooi of lelik groot of sinstrelend kan wees. Gelukkig is daar wysies wat groot en magtig — „mooi" is. Hiermee bedoel ek nie — miskien(?) — dat ek 'n voorstander is van sinstrelende musiek, en variasies daarvan, nie — wat ongelukkig ook daar is (!) — maar dat elke melodie bevange moet wees in 'n suiwerheid van emosie en krag. Die wysies wat ewig is, is soos die boodskap van die kerk, wat nie deur tyd of tydsverandering geraak kan word nie!

**EWIG**

**Ek het gesê: kerkmusiek is ewig. Ek wonder of ons die skoonheid werklik ken en deurgrond? Ons psalmberyminge en Psalmmelodieë is van die suiwerste kuns wat bestaan. Dit bevat 'n gewydheid en eenvoud wat in min musiek te vinde is. Meer nog: omdat dit 'n kuns is tot eer van God.**

P.H.R.

## *Meesterkonsert*

Saterdag 15 April vind die volgende interessante meesterkonsert plaas. Dit beloof om 'n verdere hoogtepunt te wees in die puik program wat vanjaar en elke jaar aangebied word. Vincent Fritelli een van Suid-Afrika se briljantste jong violiste tree op. Hy sal begelei word deur José Rodriques Lopez.


AANKONDIGING
PAN COETZEE
UNIEWINKELS
GRAAG KONDIG ONS AAN DAT DIE WELBEKENDE FIRMA, PAN COETZEE, NOU ONDER BESTUUR IS VAN UNIEWINKELS, DIE MODERNE WINKEL, MET MODERNE DINGE VIR MODERNE MENSE.




Kan jy dit glo? Na aanleiding van ons geskinder so onder mekaar oor krimprokkies en wat nog minder, het werklik nog 'n nuwe vereniging die lewenslig aanskou! Die nuwe groep wat ontstaan het, staan bekend as die K.V.V. Kortbroek Vryersklongvereniging. Hulle is van plan om in die komende winter te agiteer om kortbroeke as akademiese drag vir mans aanvaar te kry. Tydens 'n massa-debat aangaande die saak is 'n jaar of wat gelede besluit om die dames se hoof-beswaar hierteen te handhaaf, naamlik hulle onvermoe om die mans se knieë vir so 'n lang ononderbroke tydperk gade te moet slaan.

Aangesien die mans nou egter die reeds vermelde naakte feite elke dag (winter en somer) in die oë moet staar weens nuwe modes ens., het die K.V.V. dit as vanselfsprekend geag dat hulle behoeftes nou in meer simpatieke lig benader moet word.

**KOMBERSE**

En as daar nie 'n nuwe musiekvereniging is wat op die gebied van die A.B.K.K. oortree nie, dan word daar ook nie in die koshuise op komberse bespaar nou dat die koue begin toesak nie.

Tyd: Laat-somersaand. Plek: Dam. Aanbieding: Die Mite van C.H.O. Deur: Interkoshuisdans-Stigting. Toegang: Voorbehou vir C.H.O.-studente. 'n Treurspel in een bedryf. 'n Weldeurdagte en oorspronklike stuk. Dit is gebasseer op 'n oorspronklike blyspel deur dramaturge van die twintigste eeu wat die klassieke konserwatisme aangehang het.

**CHLOROFORM**

CHO is 'n afkorting van die chemiese formule CHOO vir Chloroform. Chloroform (CHO volgens die verwerking) is 'n bestandeel wat 'n gas vrylaat wat vandag in onbruik verval het. Die opvoering is aangebied in die vorm van 'n dans met 'n dam as agtergrond en het gedien om die verval en ondergang van CHO sodoende treffend uit te beeld.

**MITE**

In die lig hiervan is dit verbysterend om te verneem dat daar instansies bestaan wat in die lewe geroep is om o.a. CHO te laat herlewe en uit te dra, wat skrywes aan koerante wil rig oor die kommunistiese gevaar wat „folksing" inhou, en dit terwyl die omskepping van C.H.O. in mite, reeds werklikhed geword het.

Dis nou nie dat ek wil skinder nie, maar . . .

Die uwe,
Kekkelkaatjie.

# Student beskryf goedkoop toer deur Europa

**VERBY is die dae toe oorsese reise vir die gewone student slegs 'n veraf droom was — met goedkoop retoerkaartjies na Europa en 'n uitmuntende jeugherbergstelsel, is dit binne almal se bereik.**

**Ná die afgelope Abe Baileytoer deur Engeland en Skotland het ek 'n kompakte blitstoer deur Nederland, Duitsland, Switserland, Frankryk en Luxemburg onderneem — teen minder as R2 per dag (reisgeld tussen stede en lande uitgesluit).**

Die eerste stap vir die voornemende toeris is om 'n internasionale jeugherbergkaartjie vir R3 in Johannesburg te kry, 'n paspoort (R4) uit te neem en 'n retoerkaartjie na Luxemburg en Londen vir sowat R240 by Treklugdiens te koop en hy is op pad. (Die vliegtuigkaartjie sal waarskynlik vanaf April goedkoper wees).

**2DE KLAS**

In hierdie artikel word net na die Vasteland verwys (Londen en Brittanje word in 'n volgende bespreek). Om die rede word die reis vanaf Londen uitgewerk. By die Britse spoorwegkantoor het ek 'n 2de-klas kaartjie na Amsterdam-Utrecht-Köln- met die Rynrivier af na Heidelberg - Basel - Zürich - Lucern - Parys en Luxemburg gekoop vir 'n skamele R42. Die 2de klas is baie goed en die sneltrein loop teen 'n geweldige spoed.

Die kaartjie is vir die internasionale sneltreine op die verskillende roetes van krag. Die reis kan op enige plek onderbreek word en op enige tydstip hervat word.

Na 'n nagreis oor die Engelsekanaal was my eerste kennismaking met 'n Europese jeugherberg in Amsterdam — en die begin van vele aangename ontmoetings.

In meeste groot stede het die stadsrade die herberge gebou en is die geboue modern, gemaklik ingerig en binne loopafstand van die middestad. Met die uitsondering van Switserland en Bavaria is daar geen ouderdomsbeperking nie. In die twee lande is dit 25 jaar.

Die gemiddelde tariewe is: 'n bed 50c, ontbyt 30c, middagetepakkies 20c aandete 50c d.w.s. sowat R1.60 per dag.

In meeste van die groot herberge is daar beeldradios; koerante word daagliks afgelewer, inligting oor toere in die omgewing word verstrek en alles is silwerskoon en netjies.

Van inwoners word verwag om hulle beddens op te maak, die slaapsaal uit te vee en skottelgoed te was. Dit neem net 'n paar minute.


Die enigste werklike nadele van die herberge is die feit dat die deure om 11 nm. sluit en die 20—30 mense wat in dieselfde saal slaap!

In Duitsland en Switserland is dit heerlik om saam met een van die jeugherberggroepe te gaan stap en Luxemburg is 'n miniatuurstadjie waar dit heerlik is om sommer net rond te drentel.

**PARYS**

Net een waarskuwing — Frankryk se jeugherberge is nie van dieselfde gehalte nie en die een in Parys is feitlik onbekombaar. Ek het toe maar in 'n solderkamertjie vir R3 'n nag geslaap — sonder ontbyt. Aan die anderkant, wie wil nou Parys misloop?

A. S. DE BEER



**Die eetsaal van die jeugherberg in Luxemburg. Agter die herberg is een van die talle brue wat vandag as paaie gebruik word, maar eers waterleidings was.**

## BRIEF:

# „Dooie" leiers gekritiseer

**Geagte Redaukteur — Die brief van J. du Toit het weer die aandag op 'n saak van aktuele belang gevestig. Ek verwys na die passiwiteit van die sg. studenteleiers op die Puk. Soos altyd aan die begin van die jaar vind daar tussenverkiesings plaas (of onbestrede nominasies). Enersyds is dit omdat die persone weg is van die Puk; andersyds is dit miskien omdat die leier nie al die werk kan behartig nie.**

Die vraag kom na vore: Waarom het hy nie reeds verlede jaar met die verkiesings hom nie beskikbaar gestel nie?

**DOOIE LEDE**

Nog veel slegter as die groep, is die sg. dooie lede van die bestuur. Hulle is dan kwansuis te besig om hulle pligte as bestuurslid uit te voer. Laat hulle dan maar liewer hulle bedanking indien omdat hulle nie bereid is om hul deel te doen nie; of is die „prestige" verbonde aan die vyf (en soms selfs ses) besture en komitees so groot?

**DRONKENSKAP**

Studente, ruk julself los van die prestige-dronkenskap en laat elkeen sy deel bydra om die studentelewe 'n sukses te maak. Daar is gewoonlik genoeg wat bereid is om te dien. Laat ons die werk verdeel of elkeen 'n kans gee wat wil dien, en skakel die onaktiewe lede uit.

KOBUS DE LANGE
**(Brief verkort — Red.)**

## Fietsryers van Liberalia wen

Die uitslae van die onlangsgehoue fietsresies om die kampus, wat deur die Ontspanningskomitee gereël is, is soos volg:

Die intuïsie-wedren vir dames is deur Oosterhof gewen met Klawerhof in die tweede plek. Die onbekende tyd wat net die tydsbepaler geweet het was 6 min. 30 sek.

Uitslae van die stadige wedren vir dames is: 1. Anna Venter, Klawerhof, tyd 1 min 20 sek., 2. Gail Steyn, Ons Huis, tyd: geen.

Die wenners van die stadige wedren vir mans was: 1. G. Uys, Uitspan, tyd 1 min. 58.6 sek. en 2. A. Williams, Liberalia.

Uitspan, die rekordhouers van die hoofwedren, kon nie weer vanjaar die pyp rook nie en moes die knie buig voor Dawie du Plessis-Noord. Die wenners se tyd was 45.2 sek. stadiger as die rekordtyd van 29 min. 30.3 sek. Die wenspan het bestaan uit J. Geldenhuis, A. Geertsema en F. Potgieter. Uitspan was tweede met die dorpspan derde.




**Nee, dit is nie studente wat so haastig op pad klas toe is nie: Dit is maar net 'n paar van die manne wat aan die jaarlikse fietswedren om die kampus deelgeneem het. Die wedren is uiteindelik deur Dawie-Doep-Noord gewen.**

(Foto: Fotokuns)

## Oppenheimer is kanselier

Die bekende Suid-Afrikaanse ekonoom en voorsitter van die Anglo-American-korporasie, mnr. Harry Oppenheimer, is tydens 'n verkiesing wat op 30 Maart gehou is, deur die konvokasie van die Kaapstadse Universiteit as kanselier van die inrigting verkies. Mnr. Oppenheimer, 'n oud-soldaat en Volksraadslid, sal na verwagting binne die eersvolgende twee maande in die amp beëdig word.

Met die verkiesing het sowat 58% van die lede van die konvokasie hul stemme uitgebring, 'n syfer wat as verrassend hoog bestempel word.

## *Bekendes sal by K.J.V. praat*

Die Kerkjeugvereniging van Potchefstroom-noord het gesaghebbendes op verskillende terreine uitgenooi om praatjies te hou.

Onder hulle is ds. P. W. Buys, proff. Hattingh en Schoeman, en mnr. A. A. F. Teurlinckx.

Mnr. Pieter de Bruin, bekende radioman sal onder andere op 13 Junie die onderwerp: „Die S. A. U. K. se beleid ten opsigte van godsdienstige uitsendings en die moontlikheid van 'n loopbaan by die S. A. U. K." behandel.

Die K. J. V. beplan ook 'n sendingtoer na Sekoekoeniland gedurende die komende universiteitsvakansie. 'n Luukse toerbus is vir die doel beskikbaar.

**PARADISE RESTAURANT**

Dié kafee op Die Bult . . .
dié kafee waar studente hul
koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.
**Tomstraat 86 Tel. 5474**

***Ry in die WAPAD***
met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS
*van*
**PARK FIETSWINKEL**
Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.
SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.
*Onderdele — Herstelwerk*

# MATIE-ATLETE GEE PUKKE OPDRAANDE PAD

**DIE Maties se toerspan het die Pukke Vrydagaand 7 April, goed opdraande gegee op die Bill Swart-ovaal en het gesorg dat die toeskouers atletiek uit die boonste rakke sien.**

**Paul Nash het die geesdriftige toeskouers miskien 'n bietjie teleurgestel toe hy die 100 tree vir mans in 9.6 sek. afgelê het, maar in die 220-tree het die gunsteling weer geskitter toe hy die 1965 S.A.-rekord van Judge Jeffreys geëwenaar het met 'n tyd van 20.7 sek., alhoewel sy eie S. A.-rekord oor die afstand .2 sek. vinniger is.**

Werklike uitstaande en beslis 'n hoogtepunt, was die kragmeting tussen Fanie van Zyl en De Villiers Lamprecht in die 880-treë. Die wedloop is nie voor die laaste paar treë beslis nie toe die veteraan die knie moes buig voor Van Zyl wat die goeie tyd van 1 min. 52.4 sek. aangeteken het. In die 3 myl vir mans het Gawie van Eck van die P.U. 'n maklike oorwinning behaal in 14 min. 55.2 sek.

**NASH**

Willie van der Westhuizen van P.U. het in die 100-treë vir mans die goeie tyd van 9.8 sek. opgestel teen Nash en in die tweede wedloop in dieselfde item het die P.U.-altete skoonskip gemaak toe eerste, tweede en derde plekke behaal is deur T. George, W. Coetzee en J. van der Westhuizen onderskeidelik.

**TWEEKUNS**

Nog 'n uitblinker was Bea Marais (van die P.U.) wat die dames 80-treë hekkies gewen het met 'n tyd van 11.7 sek. Sy het die tweekuns behaal toe sy later ook die dames 100-treë ingealm het. Ook Rosalie de Klerk het pragtig vertoon in die dames 880-treë waar sy moes uithaal om vir A. de Kok van Stellenbosch te klop.

**MEDALJE**

G. Ferreira, die driesprong atleet van die Maties, wat vanjaar op Bloemfontein 'n goue medalje ontvang het, het ook die goedkeuring van die skare weggedra.

# Goeie spel is gelewer in koshuisrugby

**Over de Voor het Saterdag daarin geslaag om die sterk span van Dawie Doep in 'n kragmeting om die Triomfbeker met 11 punte teenoor 8 te klop.**

Die telling is egter nie 'n getroue weergawe van die spel nie, want Over de Voor kan van baie geluk praat. Dawie Doep het eerste punte aangeteken toe Piet Bruwer 'n strafskop oorgestuur het. Dit was 3 punte elk toe Coetie Coetzee, losskakel van Over de Voor, ook geslaag het met 'n strafskop. Over de Voor het 'n rukkie later die voortou geneem toe Coetzee weer 'n strafskop deur die pale geklits het.

**PRAGDRIE**

Dawie Doep het hierop geantwoord met 'n pragdrie naby die pale wat deur Bruwer vervyf is. Na rustyd het Dawie Doep verwoed aangeval maar hulle kon nie deur die Blouspan se verdediging dring nie.

Kort voor die einde het Over de Voor daarin geslaag om die wedstryd in hulle guns te beklink toe Piet Coetzer, skrumskakel van Over de Voor, om die skrum gebreek het en oorgeval het vir 'n drie wat weereens netjies deur Coetzee vervyf is om die telling op 11-8 te staan te bring wat ook die eindtelling was.

**UITBLINKERS**

Vir Over de Voor het hul kaptein en heelagter, Johan Kruger, skitterende spel gelewer. Onder die voorspelers het veral Gert Kruger uitgeblink. Vir Dawie Doep het Piet Bruwer, Gerrie van Rooyen en Jaap Malan goeie spel gelewer.

**In 'n voorwedstryd het Huis Rus 'n gekombineerde span van Dorp en Kompleks met 11 punte teenoor 8 geklop. Die Nuwe Koshuis het baie mooi saamgespeel en het verdien om te wen. Vir Huis Rus het Wally Smith, Pieter Albertyn, Inkie Neethling en Alec van der Merwe uitstekende spel gelewer. Gerrie Snyman, Jannie Barnard en Bertie Fourie het goeie spel vir Dorp-Kompleks gelewer.**



**Gedurende die vakansie is 'n rugby-afrigterskursus aan die P.U. gehou. Oud-Springbokke het deelgeneem aan die kursus om die jong spelers touwys te maak. Op die foto is dr. Danie Craven, president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, besig om 'n paar wenke aan kursusgangers te gee.**
**(Foto:Fotokuns)**

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

## Studente-reeks gaan voort

Gerugte dat die rugbykompetisie van die Suid-Afrikaanse Universiteite nie langer voortgesit sal word nie, is onlangs deur mnr. Kobus Louw op Potchefstroom die nek ingeslaan. Mnr. Louw is die Wes-Transvaalse verteenwoordiger op die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, en ook lid van die Uitvoerende Komitee van die raad.

Daar was sprake dat die Uitvoerende Komitee op sy jaarvergadering in April sou vra dat die kompetisie nie vanjaar gespeel moet word nie. Mnr. Louw het verklaar dat daar geen waarheid in sodanige gerugte steek nie.

**KOMPETISIE**

Verder het mnr Louw gesê dat die kompetisie in die toekoms waarskynlik die verantwoordelikheid van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad sal word, in teenstelling met verlede jaar toe die Transvaalse Rugbyunie die reeks geborg het. Mnr. Corrie Bornman van Transvaal het tydens samesprekings met die Rugbyraad vanjaar, glo versoek dat die kompetisie voortaan onder die vlerke van die Raad geneem moet word. Mnr. Bornman het verlede jaar vir die reëlings van die reeks gesorg.

# SOKKER HET OP 'N HOË NOOT BEGIN

**Die sokkerseisoen is verlede Saterdag ingelui met 'n harde wedstryd teen Lichtenburg. Lichtenburg ding vanjaar vir die eerste keer mee in die Wes-Transvaalse liga. Die vriendskaplike wedstryd het gelykop geëindig met een doel elk.**

Lichtenburg se doel is in die eerste helfte aangeteken nadat Chris Coetzer, Puk se doelwagter, sy enigste fout in die wedstryd gemaak het. Op daardie stadium was die Lichtenburgers nog die beste span op die veld.

**RAKELINGS**

Weens die swak toestand van die Lichtenburgse veld moes eers Martin Adams, daarna Dawie Gouws en ook kaptein Sasol Moens elkeen 'n keer of wat sien hoe hulle pogings om punte aan te teken omgesit word in 'n bal wat rakelings die doelpale verbytrek.

**ONGELUKKIG**

In die tweede helfte moes die Lichtenburgers keer vir al wat hulle werd is. Gemoedere het soms hoog geloop en eers laat in die tweede helfte het Manie Spoelstra die bal laag tussen die doelwagter en die pale deurgestuur om die telling gelykop te maak. Die wedstryd het geëindig met die Pukke miskien net ongelukkig om nie te wen nie.

# PUKKE HET VERLOOR IN PRETORIA

**In 'n aanskoulike wedstryd moes die onder-twintig-span van die Puk die knie buig voor die onder-twintig-span van Tukkies. Die Pukke was tot kort voor die einde voor met 8-3, maar die eindtelling was 11-8 in Tukkies se guns. Dit was tydens die rugbydag wat Oostelikes gedurende die vakansie in Pretoria gehou het.**

Die fiksheid van die Tukkies het hulle teen die einde van die wedstryd die oorhand laat kry en gedurende die tweede helfte het die Pukke gesukkel omdat hul twee knap vleuels Botha en Schalekamp, beseer was. Dan kon die Pukke se gereëlde losskakel, Johan Kruger, ook nie speel nie, aangesien hy in 'n vorige wedstryd beseer is.

**PRAGDRIEë**

Gerhard Botha was verantwoordelik vir twee pragdrieë. Danie Kock het op skrumskakel weereens uitgeblink en na een van sy foutlose breekslae kon Gerhard Botha oorgaan vir die mooiste drie van die wedstryd. André de Bruyn en Gert Kruger, die Pukke se twee slotte, het die lynstane oorheers, terwyl Reynders op agsteman goeie werk gedoen het.

**Tydens 'n rugbydag op Bethal verlede jaar het die onder twintigs van die Puk die van Tukkies met 19-3 geklop.**

## Stoeiers is op wenpad

Met 'n span wat versterk is deur 'n paar ervare eerstejaarstoeiers, is die stoeiklub van plan om vanjaar hulle prestasies van die verlede te herhaal toe hulle laasjaar vir die eerste keer die S.A.U. kon wen.

**OORTUIGEND**

Die stoeiers ontvang twee keer per maand afrigting van 'n Springbok waarby hulle baie baat vind. In 'n botsing teen Wits op die sewentiende Maart het die Puk ten spyte van onafgerondheid en onfiksheid, oortuigend gewen.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
te kry by u kafeteria